15%-spaar-rekening | Versekerde dag-tot-dag-voordele | Ruim hospitaalvoordele met 'n keuse van netwerk of nienetwerk hospitaal dekking | Bykomende versekerde voordele | Kinders betaal ledegeld vir kinder-afhanklikes tot 26 jaar en betaal slegs vir 2 kinders jonger as 18 jaar

'n Kombinasie van 'n spaarrekening, 'n versekerde voordeel wat intree sodra die spaarrekening uitgeput is en uitgesoekte voorkomende en versekerde voordele vir elke lewensfase voorsien in jou gesondheidsorgbehoeftes. Prime 2 bied uitgebreide hospitaaldekking by enige fasiliteit of by 'n gehaltenetwerk (betaal 22% minder vir die netwerkopsie).

Dag-tot-dag-voordele

15%-spaarrekening
Sodra jou spaarrekening opgebruik is, sal die versekerde gepoelde dag-tot-dag-voordele van toepassing wees
- 'n Kredietfasiliteit gelykstaande aan 12 maande se spaarrekeningbydraes is aan die begin van elke boekjaar beskikbaar
- Ongebruikte spaarrekeningfondse akkumuleer en verdien rente, en word by jou spaarrekeningfondse vir die volgende jaar gevoeg
- Kies of jy die spaarrekening wil gebruik vir bybetalings op dienste tydens hospitalisasie/kortbetalings

Versekerde dag-tot-dag voordele
Word eers uit die spaarrekening betaal
Konsultasies by algemene praktisyns en spesialiste, fisioterapie, akute medisyne en selfmedikasie, insluitend besoeke aan noodeenhede
Lid = R1 250 per jaar
Lid+ = R2 500 per jaar
Netwerkopsie
Netwerk van algemene praktisyns en spesialisverwysing van toepassing

Oogkunde
Spaarrekening

Medisyne
Nie-VMV- chroniese medisyne
Medisyne word uit die beskikbare voordele vir akute medisyne/ spaarrekening betaal
VMV- chroniese medisyne
Nienetwerk – 100% van die MHVP
Netwerk – 100% van die MHVP
(Aangewese diensverskaffers en formularium geld)

Uitwendige prostese en mediese toestelle
Tydens en nie tydens hospitalisasie
- Spaarrekening
- Hiperbariesesuurstofbehandeling – R650 per gesin per jaar

Tandheelkunde
DRC-netwerk van toepassing
- Konserverende en gespesialiseerde tandheelkundige dienste – spaarrekening
- 100% van die MT vir tandheelkundige prosedures onder bewuste sedasie in die spreekkamer (sedasiekoste) slegs vir die verwydering van geïmpakteerde tande (derde kiestand) Tandartsrekening – itemkodes van toepassing

Belangrik:
Hierdie is slegs 'n opsomming van die beskikbare voordele. Raadpleeg asseblief die geregistreerde Reëls van Medihelp vir meer inligting en besonderhede van die dienste wat uitgesluit is van voordele. In die geval van 'n dispuut geld die Reëls van Medihelp (onderhewig aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas).
- *Sekere bykomende versekerde voordele is nie beskikbaar indien jy vir 'n chroniese/VMV-toestand geregistreer is nie, aangesien die behandeling dan nie meer as voorkomende sorg beskou word nie. Sommige voordele mag aan 'n spesifieke ouderdom/geslag/itemkode gekoppel wees. Voordele word teen 100% van die MT betaal.*
- *Dokterskonsultasies word uit die beskikbare spaarrekeningfondse/dag-tot-dag-voordele betaal.*
- *Voordele kan onderhewig wees aan voorafgoedkeuring en/of protokolle.*

Prime2 Spaar



Maandelikse ledegeld

	Netwerk	Nienetwerk
Hooflid	R2 286 (R342 spaarbydrae per maand en R4 104 per jaar ingesluit)	R2 934 (R438 spaarbydrae per maand en R5 256 per jaar ingesluit)
Afhanklike	R1 884 (R282 spaarbydrae per maand en R3 384 per jaar ingesluit)	R2 412 (R360 spaarbydrae per maand en R4 320 per jaar ingesluit)
Kinderafhanklike <26 jaar	R684 (R102 spaarbydrae per maand en R1 224 per jaar ingesluit)	R882 (R132 spaarbydrae per maand end R1 584 per jaar ingesluit)

Werkgewersbydraes is nie by die maandelikse ledegeld ingereken nie

Bykomende versekerde voordele

Hierdie voordele word bykomend tot ander versekerde voordele gebied en is jaarliks beskikbaar, tensy anders aangedui. Spesifieke itemkodes en protokolle mag op sekere voordele van toepassing wees. Inligting oor netwerkverskaffers is op Medihelp se webtuiste beskikbaar by die funksie om te soek vir 'n verskaffer. Registreer vir HealthPrint, Medihelp se gratis aanlyn gesondheid-en-welstandsprogram, om hierdie voordele te aktiveer.

Vrouegesondheid

- 'n Mammogram versoek deur 'n mediese dokter per 2-jaarsiklus (vroue 40-75 jaar)
- 'n Papsmeer versoek deur 'n mediese dokter per 3-jaarsiklus (vroue ouer as 21 jaar)
- Voorbehoedmiddels:
  - Orale/inspuitbare/inplanteerbare voorbehoedmiddels (vroue tot 50 jaar) – R135 per bevoordeelde per maand, tot R1 620 per jaar
  - Intra-uteriene toestel elke 60 maande – R2 200 per bevoordeelde

Uitgebreide swangerskapvoordele

Registrasie op HealthPrint se Swangerskap-en-babaprogram aktiveer hierdie bykomende voordele:

- 10 voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n vroedvrou/algemene praktisyn/ginekoloog
- 2 voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n dieetkundige/borsvoedingspesialis/voorgeboorteklasse
- Twee 2D-ultraklanksonars

Voordele vir kinders

- Babas jonger as 2 jaar kry 2 bykomende besoeke by 'n algemene praktisyn, pediater of oor-neus-en-keelspesialias
- Standaardimmuniserings vir kinders tot 7 jaar oud by netwerkapteekklinieke

Mansgesondheid

- 'n Prostaattoets (PSA-vlak) versoek deur 'n mediese dokter (mans 40 jaar en ouer)

50-plussers

- Een beenmineraaldigtheidstoets versoek deur 'n mediese dokter (vroue >50 jaar)
- 'n Pneumovax-inenting in 'n 5-jaarsiklus per persoon ouer as 55 jaar (indien vir asma of COLS geregistreer)
- 'n FOBT-toets vir persone ouer as 50 jaar

Roetine-ondersoeke en immunisering

Beskikbaar by netwerkapteekklinieke per persoon:

- Een kombinasietoets (bloedglukose, cholesterol, LMI en bloeddrukmeting)/individuele toets (bloedglukose/cholesterol)
- MIV-toetsing, berading & ondersteuning
- 'n Tetanusinenting
- 'n Griepinenting
- Twee MPV-inentings vir meisies en seuns tussen 10-14 jaar of drie tussen 15-26 jaar

Ondersteuning vir jou welstand

- Rugbehandeling by 'n Document Based Care-fasiliteit ('n voorvereiste vir spinale chirurgie)
- Chroniesesorgprogram
- Een konsultasie by 'n dieetkundige indien 'n LMI-meting 'n LMI bo 30 aandui
- Program vir Vroeë Bespeuring
- Program vir Bipolêre Steuring (vanaf 1 April 2021)

HealthPrint

Medihelp-lede kry gratis toegang tot hierdie aanlyn gesondheid-en-welstandsprogram wat ontwerp is om waarde toe te voeg op grond van hulle gesondheidsprofiel deur programme soos 'n Swangerskap-en-babaprogram.

Kernvoordele

Chroniese toestande/VMV

- 100% van die koste vir 270 VMV- en 26 chroniese toestande (aangewese diensverskaffers, spesialisnetwerk, protokolle en voorafgoedkeuring geld)
- Onbeperkte dekking vir trauma wat hospitalisasie vereis

Noodvervoer

Netcare 911

In die land waar die bevoordeelde woon

RSA, Lesotho, Eswatini, Mosambiek, Namibië & Botswana – onbeperk

Buite die land waar die bevoordeelde woon

Padvervoer R2 130 en lugvervoer R14 200 per geval

Hospitalisasie

100% van die MT

Nienetwerk: enige hospitaal

Netwerk: 113 netwerkhospitale

Dagchirurgienetwerk: 134 dagchirurgiefasiliteite vir sekere prosedures

Posthospitaalsorg

R1 870 per lid en R2 600 per gesin per jaar vir spraakterapie, arbeidsterapie en fisioterapie tot 30 dae na ontslag

Gespesialiseerde radiologie

Tydens en nie tydens hospitalisasie

- MRB en RT-beelding
  100% van die MT – Onbeperk (sien prosedurespesifieke uitgawes)
- Angiografie
  100% van die MT - Onbeperk

Onkologie

Tydens en nie tydens hospitalisasie

- VMV – 100% van die MT
- Nie-VMV – R240 840 per gesin per jaar

Palliatiewesorg

100% van die MT

R22 000 per gesin per jaar

Bevalling (geboorte)

- Tydens hospitalisasie – 100% van die MT
- Tuisbevalling – R13 500 per geval

Prostesevoordele

- Funksionele gesondheidsnoodsaaklike prostese: R64 300
  - Heup-, knie- en skouervervanging (nie-VMV): Akute beserings waar vervanging die enigste behandelingsopsie is – Hospitalisasie: 100% van die MT Prostese: Voordeel vir funksionele gesondheidsnoodsaaklike prostese geld Slytasie: geen voordele
  - Intra-okulêre lense – R4 300 per lens, 2 lense per bevoordeelde per jaar, voordeel vir funksionele gesondheidsnoodsaaklike prostese geld
- EVARS-prostese – R135 600
- Vaskulêre/kardiale prostese – R58 000
- Prostese met rekonstruktiewe of restourerende chirurgie (tydens en nie tydens hospitalisasie) – R9 900 per gesin per jaar

Psigiatriese behandeling

Tydens en nie tydens hospitalisasie

R25 300 per bevoordeelde per jaar (maksimum R34 800 per gesin per jaar)

Orgaanoorplanting

Slegs VMV – 100% van die koste

Kornea-inplanting – R29 900 per inplanting per jaar

Ander kernvoordele

Nierdialise, suurstof, hospiesdienste, subakutesorg en privaat verpleging as alternatief vir hospitalisasie

Prosedurespesifieke uitgawes (deur die lid betaalbaar)

- **Spinale chirurgie** – R10 850 per opname
- **Alle endoskopiese prosedures** (hospitaal/dagkliniek) – R4 050 ('n verdere 35%-bybetaling sal van toepassing wees indien die dienste nie in die dagchirurgienetwerk verkry word nie)
- **Gespesialiseerde radiologie** (binne en buite die hospitaal) – R2 500 per ondersoek
- **Tandheelkundige prosedures onder narkose tydens hospitalisasie**
  Verwydering van geïmpakteerde tande (derde kiestande - slegs spesifieke itemkodes is betaalbaar op tandartsrekening) en omvattende tandheelkundige behandeling vir kinders <7 jaar – R3 430 per opname
- **Histerektomie en endometriële ablasie** – R6 000 per opname
- **Prostatektomie** (slegs konvensionele of laparoskopiese prosedures) – R6 000

Afkortings

CDL-Chronic Diseases List | COLS-Chroniese obstruktiewe lugwegsiekte | DRC-Dental Risk Company | EVARS-Endovaskulêre aortavervangingchirurgie | FOBT-Fekale okkulte bloedtoets | LMI-Liggaamsmassa-indeks | MHVP-Medihelp-verwysingsprys | MMAP-Maximum Medical Aid Price | MPV-Menspapiloomvirus | MRB-Magnetiese resonansiebeelding | MT-Medihelp-tarief wat Medihelp vir voordele betaal, wat 'n gekontrakteerde tarief of die enkelafsetprys kan insluit | NMD-Nood mediese dienste | OJL-Oorhoofse jaarlikse limiet | RT-Rekenaartomografie | VMV-Voorgeskrewe minimum voordele

medihelp
Medical Aid in Action

086 0100 678 www.medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)